

Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika



September 2010



Missionale bediening

Lees binne...

- Om deel te neem aan God se sending – 1
- Soos groen gras wat uitspruit... – 2
- 'n Nuwe benadering tot missionale bediening – 3
- Ons moet die groter Liggaam ook kan voel – 3
- Die Hervormde Kerk en die ekumene – 6

In hierdie uitgawe

- Bl 1 Missionale gemeentes – om deel te neem aan God se sending (Dr Christo van der Merwe)
- Bl 2 **Van die redakteur, dr Gerhard Lindeque**
Soos groen gras wat uitspruit...
'n Vraag aan die redakteur (RJ Pieterse)
- Bl 3 **Missionale bediening**
'n Nuwe benadering tot missionale bediening (Dr Frikkie Labuschagne)
Ons moet die groter Liggaam ook kan voel (Ds Anton Pienaar)
- Ble 4-5 **Op die kerkwerf**
Namibkus bou tweede kerkgebou
Nuwe Bybelstudiegids beskikbaar
Welgelegen-Pietersburg 25 jaar
Theresapark sê dankie
Beroepe aanvaar
- Bl 6 Die Hervormde Kerk en die ekumene (Dr Johan Steenkamp)
- Ble 6-7 **Gespreksforum**
Moenie politieke motiewe teologies begrond nie (Dr Johan Otto)
Wat doen ons aan die kerk van Jesus? (Ds Dirk Stoltz)
Basaarhou is lekker (Babsie Pienaar)
Het klein gemeentetjies bestaansreg? (Naam op versoek weerhou)
- Agterblad **Oordenking**
Ware koninkryksvreugde! (Dr Gert Malan)

Soos groen gras wat uitspruit...

Dr Gerhard Lindeque skryf in sy redaksionele berig dat Augustus maar 'n droewige maand is. Miskien het dit iets te doen met die natuur rondom ons wat maar vaal, stowwerig, winderig en droog is. Dit is dikwels die maand waarin mense moedeloos raak. Ook in die Kerk. Kerkraadslede wil bedank, ons raak benoud oor die finansies, die einde van die jaar is in sig en daar moet nog so baie gebeur...

Daarom wil die voorblad van hierdie September-uitgawe vir ons iets uitbeeld van die aanbreek van die lente, en daarmee saam ook die nuwe begin wat God telkens met ons maak.

Ons almal bevind ons soms op moederverloor se swart verbrande vlakke. Ook wat die Kerk aanbetref is daar dinge wat 'n mens soms moedeloos maak. Die voortslepende onenigheid in ons geledere, verdagmakery en egoïsme, die voortdurende stryd om finansiële te oorleef, die toenemende armoede en morele verval rondom ons. Dit is juis in sulke tye dat die kerk weer 'n boodskap van hoop moet bring. Dit gaan dalk van ons vra om uit ons bekende gemaksones te beweeg en die evangelieboodskap by mense in hul omstandighede uit te bring. Ons moet hierdie boodskap bring daar waar mense elke dag leef en werk, in hul lewe van elke dag. Soos wat dit ook op die voorblad uitgebeeld word. Daar waar mense eet, kuier, speel, werk, lag en huil.

Mag hierdie lenteseisoen wat nou aangebreek het, ook 'n tyd wees waarin ons as Kerk die lewegewende krag van God se Gees sal ervaar wanneer die Algemene Kerkvergadering plaasvind. Hiervoor word elke lidmaat van die Kerk se ernstige voorbeding gevra.

Missionale gemeentes

Dr Christo van der Merwe skryf dat ons Kerkorde apostolaat aanvaar as die werk van die hele Kerk – van elke lidmaat en elke ampsdraer. Dr Frikkie Labuschagne vertel die verhaal van Gemeente Parys, en hoe hulle gestalte gegee het aan hul apostolêre roeping.

Om gemeentes te ondersteun met hul missionale bediening, is *streekforums* in die vooruitsig gestel. Hierdie forums sal onder leiding staan van predikante wat reeds gevorderde opleiding in dié verband deurloop het. Die hulp, leiding en koördinerende waarvan hier sprake is, word gedoen vanuit die *Sentrum vir Missionale Bediening*. Vir hulp en/of inligting daarvoor kan dr Wim Dreyer gekontak word, by wadreyer@nhk.co.za of 012 322 8885 x263.

Die Hervormde Kerk en die ekumene

Dr Johan Steenkamp skryf verder oor die agtergrond van die World Alliance of Reformed Churches (WARC) se optrede teen Suid-Afrika.

Hy meen dat die Kerk met die internasionale organisasie in gesprek moet bly. Die doel van die gesprek moet egter wees om hulle te oortuig dat 'n fout gemaak is met die verklaring van 'n status confessionis oor 'n etiese saak, in plaas daarvan dat ons probeer om te voldoen aan foutiewe vereistes. Daarby behoort al die ander eise ook ingesluit te wees, soos die openbare skuldbelydenis oor apartheid, die verwydering van die volkskerkgedagte uit ons Kerkorde en die eis om met die Maranatha Reformed Church of Christ (MRCC) te verenig. Verder moet ons ook verwag dat hul lidkerke wat die *Programme to Combat Racism* (PCR) van die Wêreldraad van Kerke ondersteun het, die goedkeuring van geweld van swart teen blank moet terugtrek en daarvoor werk dat die huidige volksmoord op die Afrikaner en geweld teen alle mense in Suid-Afrika gestaak word. 'n Mens kan immers nie oor apartheid praat sonder om na die huidige geweld te verwys nie.

Nuwe Bybelstudiegids beskikbaar

'n Nuwe Bybelstudiegids het pas by SENTIK verskyn. Dit is *Die Ons Vader-gebed* van dr Gert Malan.

Hierdie eerste Bybelstudie in die reeks *Om die Bybel (beter) te verstaan* pas die beginsels van Bybelverstaan toe soos uiteengesit in die boekie *Om die Bybel (beter) te verstaan* wat in 2008 verskyn het. Lesers moet verkieslik die eerste boekie byderhand hê met hierdie Bybelstudie.

Om te bid, is 'n baie persoonlike deel van gelowiges se verhouding met God. Dit is Jesus wat ons verhouding met God 'n werklikheid maak. Jesus het ons geleer hoe gelowiges moet bid. In dr Malan se gids word die twee weergawes van die Ons Vader-gebed in die Matteus- en Lukasevangelie met mekaar vergelyk.

Bestel die nuwe Bybelstudiegids van mev Susann van Zyl by die SENTIK-boekwinkel, tel 012 322 8885 x291, faks 012 322 7906 of sentik@nhk.co.za. Die boekie kos R30 (posgeld uitgesluit). *Om die Bybel (beter) te verstaan* is ook beskikbaar, teen R35 per eksemplaar (posgeld uitgesluit).